

1 Mei

“... ’n Vol lewe agter die rug”

**Skrifgedeelte: Genesis 24:66 – 25:11
Fokusgedeelte: Gen 25:7-8**

Ons is gewoon daaraan om lofredes by begrafnisse met ’n knippie sout te vat: daar word mos net “suksesse” beklemtoon – min gepraat oor skandes en mislukkings. Is dit nie ook hier die geval met Abraham nie? Ons sien hy was ’n regverdige en wyse man wat sy boedelsake goed gereël het. Tog het hy ook swakhede gehad: in Egipte het hy in die farao se goeie boekies gekom deur te maak asof sy mooi vrou, Sarai, sy suster was (Gen 12:10-20). Deur sy geneul het hy probeer om die Here te laat opskud om sy beloftes na te kom (Gen 15:1-3). En sy skande met Hagar ... (Gen 16)!

Maar Abraham se begrafnisbrief is nie ’n gewone een nie: volgens die gesagvolle, geïnspireerde Woord van God het hy ’n “vol” lewe gehad. Iets het gemaak dat Abraham se sondes in die Here se skaal nie die swaarste geweeg het nie: iets aan Abraham se kant het sy lewe “vol” gemaak. In Hebreërs 11:8-19 kry ons die verklaring: “Omdat Abraham GEGLO het, het hy ...” Hy het ’n vol lewe gehad omdat hy vol geloof was – so vol dat hy in God se koninkryksplan ingepas het. Ondanks sondes het hy bly glo en gedoen wat God wou hê – en die doel van sy lewe bereik.

Baie bejaardes ervaar hulle lewens as leeg en nutteloos. Ander kyk trots terug op hul prestasies. Wat regtig saak maak, is: Wat sê God van jou lewe? Hy sê dis “vol” as jy sy doel met jou lewe bereik deur uit ware geloof te lewe. As jy dit lankal begin doen het: sien uit na ’n goeie begrafnisbrief. As jy dit nog nie gedoen het nie: begin nou – dis nog nie te laat nie!

Sing: Psalm 1:1, 2 (1936-beryming)

Ds. Chris Coetsee (Emeritus)